Graad 4 Begripstoets

DAAGLIKSE NUUSBLAD

Jong swemmer red skoolseun

Deur Elisabeth Smith *Saterdag, 8 September 2014*

1 Bongi Shabalala, 'n 12-jarige graad 5-leerder, het 'n skoolseun van verdrinking uit 'n dam gered.

2 Die agtjarige Michael Naidoo het Vrydagmiddag in die Wilde Dam naby die skool geswem. Volgens berigte het die graad 3-seun uit 'n boom probeer duik, maar sy kop het 'n tak getref voordat hy in die water geval het. Bongi, wat van die skool af op pad huis toe was, het die seun in die dam sien dryf. Sy het onmiddellik ingeduik om hom te red.

3 Bongi het die seun uit die dam gehaal en noodhulp op hom toegepas. Die Rooikruis sê dat as iemand ophou asemhaal, jy onmiddellik moet optree.

4 Gelukkig het Anne Brown, Bongi se vriendin, verby die ongelukstoneel geloop. Sy het na die plek gegaan waar Bongi besig was om die seun te help. Sy het die skoolhoof van die skool gaan roep, wat die nooddienste gebel het.

5 Bongi sal 'n prys ontvang omdat sy dapper was en Michael Naidoo se lewe gered het.

6 Die hoof, mnr. Makhanya, het al die skoolkinders gewaarsku om nie alleen dam toe te gaan nie.

1. Wat is die naam van die koerant?

   A Daaglikse Son
   B Daaglikse Verslag
   C Daaglikse Nuusblad
   D Daaglikse Volksblad

2. Die hoofopskrif van die koerant is: Jong swemmer...

   A red hond
   B hou van die dam
   C maak vriende
   D red skoolseun

3. Wie het die berig geskryf?

   A Anne Brown
   B Elisabeth Smith
   C Michael Naidoo
   D Bongi Shabalala

4. Hoe het Bongi die seun gered? (Paragraaf 2)
   Bongi het ...

   A in die water gedryf.
   B in die water geduik.
   C die seun na die dam geneem.
   D die nooddienste gebel.

5. Dink jy Bongi moet 'n prys kry omdat sy die seun se lewe gered het?
   Gee 'n rede vir jou antwoord.

   _____

   _____

6. Hoekom, dink jy, was Bongi 'n dapper meisie?

_____

_____

7. Skryf die korrekte spelling van die onderstreepte woord neer.

Bongi is 'n <u>daper</u> meisie.

_____

8. Watter les het jy uit die storie geleer?

A Reddingsdienste red nie lewens nie.
B Kinders sal nie in 'n dam vedrink nie.
C Kinders moet nie alleen swem nie.
D Michael Naidoo het verdrink.

9. Michael Naidoo was ... jaar oud. (Paragraaf 2)

A 3
B 5
C 8
D 12

10. Hoe dink jy, het die seun gevoel toe die meisie sy lewe gered het?

A Hartseer
B Gelukkig
C Alleen
D Kwaad

11. Skryf die korrekte woord tussen hakies.

Daar was ('n paar/min) water in die dam.

_____

12. Skryf die korrekte werkwoord tussen hakies.

Anne Brown (geloop/loop) verby die dam.

_____

13. Watter woord in die leesstuk het dieselfde betekenis as "om lug in te neem"? (Paragraaf 2)

A duik
B loop
C asemhaal
D swem

14. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Michael (swem) in die dam.

Gister _____

15. Skryf die volgende sin oor deur 'n hoofletter en 'n punt te gebruik.

bongi het die seun gehelp

_____

16. Skryf die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

Die skoolhoof (is/wees) gelukkig.

_____

17. In watter sin word die aanhalingstekens korrek gebruik?

A Die skoolhoof het gesê, "Mnr. Makhanya praat met die kinders.
B Die skoolhoof het gesê: "Mnr. Makhanya praat met die kinders."
C Die skoolhoof het gesê, Mnr. Makhanya praat met die kinders."
D "Die skoolhoof het gesê, Mnr. Makhanya praat met die kinders."

18. Skryf die korrekte voornaamwoord uit die blokkie.

haar	hom	sy

Die meisie het _____ vriendin gehelp.

19. Bongi is 'n dapper meisie.

Die woord "dapper" is 'n ...

A werkwoord.
B selfstandige naamwoord.
C bywoord.
D byvoeglike naamwoord.

20. Skryf die korrekte woord tussen hakies.

Die kinders (was/het) swemlesse geneem.

_____

21. Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd.

Bongi het 'n prys ontvang.
Môre _____

22. Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd oor.

Die meisie het 'n prys ontvang.

_____

23. Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm.

Die seun het sy kop gestamp.

_____

24. Wat is die korrekte afkorting vir die woord Meneer?

A Mnr.
B Me.
C Mej.
D Mev.

25. Watter voorvoegsel sal aan die onderstreepte woord die teenoorgestelde betekenis gee?

on-	mis-	nie-	ont-

Die skoolkinders is <u>gehoorsaam</u>.

_____gehoorsaam.